education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE

SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRIKAANS HUISTAAL V2

MODEL 2009

LETTERKUNDE

PUNTE: 80

TYD: 2½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 24 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES, OPDRAGTE EN INLIGTINGSBLADSY

1. Lees die volgende instruksies/opdragte noukeurig deur voordat jy die vraestel beantwoord.
2. Moenie probeer om die hele vraestel deur te lees nie. Raadpleeg die inhoudsopgawe op die volgende bladsy en merk die vraagnommers van die letterkundetekste wat jy in die klas behandel het. Lees dan daarna hierdie vrae oor die tekste wat jy gedoen het en kies die tipe vraag wat jy wil doen.
3. Die vraestel bestaan uit DRIE afdelings:
    i. AFDELING A: Poësie
    ii. AFDELING B: Prosa
    iii. AFDELING C: Drama
4. Voer die opdragte aan die begin van elke afdeling noukeurig uit.
5. Beantwoord VYF VRAE in totaal: 3 uit Afdeling A, 1 uit Afdeling B en 1 uit Afdeling C. Gebruik die kontrolelys om jou met jou keuses te help.
6. Nommer die antwoorde presies soos in die vraestel.
7. Beantwoord elke afdeling op ’n NUWE bladsy.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Voorgestelde tydsindeling

    1. Afdeling A: ongeveer 40 minute
    2. Afdeling B: ongeveer 55 minute
    3. Afdeling C: ongeveer 55 minute

Inhoudsopgawe:

Hierdie bladsy sal jou help met die keuse van vrae sonder dat dit nodig is om die hele vraestel deur te lees.

AFDELING A: GEDIGTE **Voorgeskrewe gedigte: Beantwoord ENIGE TWEE vrae:**		
VRAAGNOMMER	**VRAAG**	**PUNTE**
1 (Behoefte een ongunstige weers-en ander omstandighede)	Opstelvraag	10 punte
	OF	
2 (die straatkind)	Kontekstuele vraag	10 punte
	OF	
3 (Man met flits)	Konteksvraag	10 punte
	OF	
4 (Skoppensboer)	Kontekstuele vraag	10 punte
	EN	
Ongesiene gedig: Beantwoord ENIGE EEN vraag.		
5 (Opstanding)	Opstelvraag	10 punte
	OF	
6 (Opstanding)	Kontekstuele vraag	10 punte
AFDELING B: ROMAN **Beantwoord EEN vraag uit die volgende:***		
7 (Die kwart-voor-sewe-lelie)	Opstelvraag	25 punte
	OF	
8 (Die kwart-voor-sewe-lelie)	Kontekstuele vraag	25 punte
	OF	
9 (Manaka plek van die horings)	Opstelvraag	25 punte
	OF	
10 (Manaka plek van die horings)	Kontekstuele vraag	25 punte
	OF	
11 (Vatmaar)	Opstelvraag	25 punte
	OF	
12 (Vatmaar)	Kontekstuele vraag	25 punte
AFDELING C: DRAMA **Beantwoord EEN vraag uit die volgende:***		
13 (Krismis van Map Jacobs)	Opstelvraag	25 punte
	OF	
14 (Krismis van Map Jacobs)	Kontekstuele vraag	25 punte
	OF	
15 (Mis)	Opstelvraag	25 punte
	OF	
16 (Mis)	Kontekstuele vraag	25 punte

***LET WEL: Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG uit Afdeling B en C.**

Kontrolelys

Gebruik die onderstaande kontrolelys om te kontroleer of jy al die nodige vrae beantwoord het.

AFDELING	**VRAAG-NOMMER**	**GETAL VRAE WAT BEANTWOORD MOET WORD**.	**MERK** ✓
A: Gedigte (Voorgeskrewe Gedigte)	1-4	2	
A: Gedigte (Ongesiene Gedig)	5-6	1	
B: Roman (Opstel- of konteksvraag)	7-12	1	
C: Drama (Opstel- of konteksvraag)	13-16	1	
LET WEL: Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG uit Afdeling B en C.			

AFDELING A: DIGKUNS

VRAAG 1: OPSTELVRAAG

Behoefte aan ongunstige weers- en ander omstandighede T. T. Cloete

1. Die land het ‘n teveel
2. aan ryk boere met Ford
3. en Fordson te veel halfgeleerde sportiewe studente
4. studeer aan te veel universiteite met te veel sosiale personeel
5. te veel is die somerdae en te kort
6. is die winters dun is die herfs vals die lente.

7. Die land het te veel binneland te veel olifante en leeu
8. en te min watervoëls te min mere en koue poel
9. met swane niks steur
10. die voetbalson nie as hulle vleis braai sneeu
11. dit nooit geen mis spoel
12. soos melk teen die ruite nie geen sprokies gebeur

13. in woude nie. Daar is te veel koerante
14. en koerantsterre soos hoere en moordenaars
15. te veel onmonargale koninginne en trompoppies
16. te veel annalante joollieste te veel sonnante
17. mercedese te veel minaars
18. en ministers met hul adjunkte en ander snoppies.

19. Daar is te min skilderye en boeke
20. en te min koue en kaggelvuur maande aanmekaar
21. skyn die son daar is geen verbeeldingryke ommekeer
22. van seisoene en menings nie geen donker hoeke
23. teen storms nie te min storms te ver uitmekaar
24. lê hemel en aarde met tussenin te veel mooi weer.

Uit: *Angelliera*, 1980

OPSTELVRAAG

Die gedig lewer satiriese kommentaar op verskeie aspekte van die Suid-Afrikaanse samelewing. Bespreek hierdie stelling in ‘n opstel van 250 -300 woorde deur te verwys na:

- tersiêre instellings
- die sosiale lewe en media
- die leeskultuur en waardering vir die skone kunste
- die soort samelewing wat die spreker verkies.

[10]

VRAAG 2

Lees onderstaande gedig en beantwoord die vrae wat daarna volg.

die straatkind (Linda Roos

1. ek wou verbymik met die selfbewuste ongeërgde blik
2. wat ons vir bedelaars en pendelaars en hoere reserveer –

3. verby die kind wat eenkant om die vullisdromme snuif
4. wat sy skraal skouers gereed dra soos spiese
5. of 'n heining: maar agter dié heining
6. het sy vuil hemp skielik opgekrimp soos 'n ou roof
7. en 'n toegepleisterde wêreld
8. op die sypaadjie laat bloei
9. waar bome onder die skril bevel van sae steun
10. konyne spartel in steriele laboratoriums
11. en lammers teen die slagterslem

12. en daar was wysheid in die lug
13. (nes dié ander dag uit wolke)
14. maar soos van ou mans met klam monde op parkbankies
15. en kras soos kraaie

16. toe ek wegdraai was daar 'n geruis in my ore
17. en onverklaarbaar teen my wang die bloedveeg
18. van 'n vlerk

Uit: '*n Hokvol dwase*, 198

2.1 Wie is die spreker in die gedig? (1)

2.2 Waarom word die woord "verby" in reëls 1 en 3 herhaal? (1)

2.3 Watter woord in strofe 2 dui aan dat die straatkind dierlike eienskappe verkry? (1)

2.4 Dui die alliterasie in reël 4 aan en verduidelik die funksie daarvan. (2)

2.5 Verduidelik reël 7 en 8 in jou eie woorde. (2)

2.6 Wat het bome, konyne en lammers in reëls 9 tot 11 met mekaar in gemeen? (1)

2.7 Wat is die funksie van die parentese in strofe 3? (1)

2.8 Waarvan word die moderne mens in hierdie gedig aangekla? (1)
[10]

VRAAG 3

Lees onderstaande gedig en beantwoord die vrae wat daarna volg.

MAN MET FLITS **D.J. Opperman**

1. In die klein wit kol
2. van my wete stol

3. bruin en skerp ‘n klip
4. soos ‘n bok wat skrik,

5. staan, vinnig weghol
6. uit die klein wit kol.

7. Aan ‘n takkie hang
8. twee ogies wat bang

9. uit die klein wit skyn
10. van my flits verdwyn

11. Oor waters wat glip
12. soek ek klip na klip

13. maar ‘n duister land
14. bedreig my alkant.

Uit: *Negester oor Nineve, 1947*

3.1 Lidwoorde ontbreek in die titel.Waarom is dit funksioneel? (1)

3.2 Die gedig bestaan uit sewe tweerelige strofes. Wat noem ons sulke strofes? (1)

3.3 Verduidelik in twee sinne hoe die strofebou die inhoud van die gedig ondersteun (2)

3.4 Haal ‘n frase uit strofe twee aan wat beeldspraak bevat en benoem die beeldspraak. (2)

3.5 Die gedig het ‘n konkrete, sowel as ‘n abstrakte betekenisvlak. Verklaar die twee betekenisvlakke (2)

3.6 ‘Klein wit kol’ (reël 1) word ‘klein wit skyn’(reël 9). Wat word daardeur gesuggereer? (2)

VRAAG 4

SKOPPENSBOER **Eugène N. Marais**

I

'n Druppel gal is in die soetste wyn;
'n traan is op elk' vrolik' snaar,
in elke lag 'n sug van pyn,
in elke roos 'n dowwe blaar.
Die een wat deur die nag
ons pret beloer
en laaste lag
is Skoppensboer.

II

Gewis en seker is die woord:
die skatte wat ons opvergaar,
ondanks die sterkste slot en koord
word net vir mot en roes bewaar.
Net pagters ons
van stof en dons
om oor te voer
aan Skoppensboer.

III

Die heerlikheid van vlees en bloed;
die hare wat die sonlig vang
en weergee in 'n gou gloed:
die dagbreek op elk' sagte wang
en oge vol van sterreprag
is weerloos teen sy groter mag.
Alreeds begint die rimpel sny;
oor alles hou die wurm wag
en stof en as is al wat bly:
Want swart en droef,
die hoogste troef
oor ál wat roer,
is Skoppensboer.

IV *L'Envoi*

Gewis is alles net 'n grap!
Ons speel in die komedie mee
geblinddoek met 'n lamfer-lap
wat selfs die son 'n skadu gee.
Wat treur ons tog?
Viool en fluit maak nog geluid;
en lank die nag wat voorlê nog.
Al kan ons nooit volmaaktheid raak,
nog blink die oog en gloei die huid

wat heel die winter die blomtyd maak.
Dus onverlee
lag ons maar mee
met elke toer
van Skoppensboer.

Uit: *Versamelde gedigte, 1936*

4.1 Die titel van die gedig het ‘n tweërlei betekenis. Dui die TWEE betekenisse aan. (2)

4.2 Watter soort spreker is in die gedig aan die woord? (1)

4.3 Wat is die geïmpliseerde betekenis van ‘slot en koord’ in reël 11? (1)

4.4 Waarvan is die woord ‘wurm’ in reël 24 ‘n simbool? (1)

4.5 Met watter woord later in die gedig hou ‘lag’ reël 7 verband. (1)

4.6 Wat beteken die woord ‘pagters’ in reël 13? (1)

4.7 Wat is die funksie van die inversie in reël 30? (1)

4.8 Hoe word die retoriese vraag in reël 34 uitgehef? (1)

4.9 Wat is die sentrale teenstelling in die gedig? (1)
[10]

VRAAG 5: ONGESIENE GEDIG

Opstanding **Dawie Louw**

1. Begrawe my op ‘n Woensdag
2. dan kan jy
3. Maandag en Dinsdag
4. reëlings tref
5. en Donderdag en Vrydag
6. my onthou
7. plant kosmos op my graf
8. dit kos mos niks
9. niks op niks
10. ‘n blomtuin vol geraamte
11. wat eendag vlesig weer moet blom
12. wanneer die oordeelsdag sal kom

Uit: *Depressie in die Melkweg* , 2003

OPSTELVRAAG

Besin oor die opdrag en skryf enkele goed gestruktureerde paragrawe, van 250-300 woorde in totaal. Dui die aantal woorde wat jy gebruik het aan.

Verduidelik die metafoor in die gedig en bring dit in verband met die titel. Jy kan die volgende hoofpunte gebruik:

- Identifiseer die metafoor
- Verduidelik die ontstaan/ ontwikkeling daarvan
- Bring die metafoor in verband met die wending
- Maak dit van toepassing op die titel. **[10]**

OF

VRAAG 6: ONGESIENE GEDIG

KONTEKSTUELE VRAE

6.1 Wie is die aangesprokene in die gedig? Motiveer jou antwoord. (2)

6.2 Sê in twee sinne wat die opdragte is wat die spreker vir die aangesprokene gee. (2)

6.3 Watter tipe poësie/vers is hierdie gedig? Gee een bewys vir jou antwoord. (2)

6.4 Verduidelik in twee sinne die woordspeling in reël 9. (2)

6.5 Haal die reël aan wat direk met die titel verband hou. (1)

6.6 In reël 11 kom inversie voor. Waarom is dit funksioneel? (1)

[10]

AFDELING B: ROMAN

ROMAN: **BEANTWOORD OF DIE OPSTEL OF DIE KONTEKSVRAAG:**		
Vraag 7 (Die kwart-voor-sewe-lelie)	Opstelvraag	25 punte
	OF	
Vraag 8 (Die kwart-voor-sewe-lelie)	Kontekstuele vraag	25 punte
	OF	
Vraag 9 (Manaka plek van die horings)	Opstelvraag	25 punte
	OF	
Vraag 10 (Manaka plek van die horings)	Kontekstuele vraag	25 punte
	OF	
Vraag 11 (Vatmaar)	Opstelvraag	25 punte
	OF	
Vraag 12 (Vatmaar)	Kontekstuele vraag	25 punte

VRAAG 7: DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE **Eleanore Baker**

OPSTELVRAAG

Die kwart-voor-sewe-lelie word getipeer as 'n damesroman waarin die tradisionele rol van die vrou, die emansipasie van die vrou en vroulike emosies aangeraak word. Bespreek die voorafgaande stelling in 'n opstel van 400 – 450 woorde deur te verwys na:

- Ma Elsa
- Elsa
- Kara
- Iris
- Eie mening

[25]

VRAAG 8

KONTEKSVRAAG

Lees die onderstaande uittreksel noukeurig en beantwoord die vrae wat daaroor gestel is.

Kara het 'n paar vriende oorgenooi om my te ontmoet en hulle het dapper probeer Engels praat terwyl sy en Claude happies en warm, gegeurde wyn bedien.
"Dit moet 'n las wees," het een man vir my gesê, " om te kom van jou land."
Ek het geswyg en klein slukkies wyn gedrink.
"Moenie jou aan hom steur nie," het iemand sag agter my gesê.
Ek het onthuts omgedraai om te sien wie gepraat het en in die opgestoomde ruit het ek die vae omlyning van 'n Engel gesien. Die wyn is in my verkeerde keel in en ek het gestik...
Sou die man al die pad saamgevlieg het of was dit 'n plaaslike Engel? Ek het my glas neergesit en heeltemal omgedraai. Die Engel was weg, slegs druppeltjies kondensasie het teen die ruit afgeloop en 'n dralende rookwolk uit iemand se sigaar het verby my gesig gekrul.
"Verskoon my," het ek vir die man voor my gesê en opgestaan. My plan was om in die kombuis te gaan skuil tot ek kalmeer het of, alternatiewelik, uitgevind het wat die Engel se politieke affiliasie is, maar 'n ander jong man, 'n landsgenoot van Claude, het my voorgekeer.
"Is jy 'n model?" het hy gevra.
"Nee. Assistent vir 'n tandarts."
"As jy wil, sal ek foto's van jou neem," het hy aangebied.
"Ek het 'n kamera," het ek gesê.
Hy het gelag en ek het gevlug. Ná al die mense weg was en ek en Kara opgeruim het, het ek haar daarvan vertel. (Van die Engel het ek geswyg.)
Sy het my ondersoekend aangekyk.. "Dis waar, weet jy."
"Wat is?"
"Jy het daardie soort gesig."
Ek het gesnork en verlepte slaaiblare in die vuilgoedsak gekrap. "Ek het 'n doodgewone boeregesig."
Sy het nie geluister nie. " By die huis, ja, maar hier soek hulle na iets anders."
"Is hier 'n aanvraag na boeregesiggies?'
"Mens weet nooit nie."

8.1 Plaas die gebeure in die uittreksel binne die konteks van die roman. (2)

8.2 Wie is die ‘my’ van wie daar in reël 1 sprake is? (1)

8.3 Wat is die verband tussen Kara, die ‘my’ en Claude (reël 2) ? (2)

8.4 “Dit moet ‘n las wees”, het een man vir my gesê, “om te kom van jou land.” (reël 4-5)

8.4.1 Watter land is hier ter sprake? (1)

8.4.2 Waarom dink die man moet dit las wees vir die aangesprokene wees om van die spesifieke land te kom? Jy moet in jou in antwoord verwys na die sosiaal-historiese konteks van die land. (2)

8.5 8.5.1 Die Engel speel ‘n baie belangrike rol in die spreker se lewe. Watter rol speel die Engel in hierdie aangehaalde uittreksel? Motiveer jou antwoord. (2)

8.5.2 Waarom word die Engel met ‘n hoofletter geskryf? (1)

8.6 Waarom dink jy wou die spreker in die kombuis gaan kalmeer het (reël 16)? Noem TWEE redes. (2)

8.7 “Is jy ‘n model?” (reël 20)

Watter ooreenkoms is daar tussen die vraag en die spreker se latere besoek aan Amerika? (1)

8.8 Motiveer uit die teks dat die spreker nie die man se woorde “As jy wil, sal ek foto’s van jou neem,” (reël 22) ernstig opneem nie. (1)

8.9 Iris antwoord die man dat sy ‘n assistent vir ‘n tandarts is (reël 21). Wie is die tandarts van wie sy hier praat? (1)

8.10 “(Van die Engel het ek geswyg.)” (reël 25 – 26)

8.10.1 Wat is die funksie van die parentese? (1)

8.10.2 Waarom het die spreker oor die Engel geswyg? (1)

8.11 Skryf EEN woord uit reël 27 – 35 neer om aan te toon dat die spreker nie dieselfde oor haar voorkoms gedink het as die man en Kara nie. (1)

8.12 “Is hier ‘n aanvraag na boeregesiggies?” (reël 34)

8. 12.1 Watter land is die ‘hier’ waarna daar verwys word? (1)

8.13 Watter karaktertrek van die spreker kan jy uit die aangehaalde uittreksel aflei? (1)

8.14 Van watter karakteriseringstegniek is gebruik gemaak om die spreker se karakter aan die leser te openbaar? (1)

8.15 Watter tipe verteller tree in die roman op? (1)

8.16 Wat is die voordeel van die verteller? (1)

8.17 Wat was die opdrag wat die verteller se familie haar mee afgevaardig het met haar besoek aan Kara en Claude? (1)

8.18 Die woorde “nie geluister nie” (reël 32) loop soos ‘n refrein deur die roman. Die verteller maak hierdie aanklag teen elke karakter in die roman. Daar is egter EEN karakter wat wel bereid was om na haar (storie) te luister.

8.18.1 Wie was die karakter wat bereid was om na haar te luister? (1)

8.18.2 Waarom is dit juis ironies dat hy na haar luister? (2)

[25]

VRAAG 9

OPSTELVRAAG: MANAKA, PLEK VAN DIE HORINGS Pieter Pieterse

Bespreek die volgende stelling in ‘n goed gestruktureerde opstel van 400-450 woorde. Dui die aantal woorde wat jy gebruik aan.

Die Afrika-ruimte speel ‘n belangrike rol in *Manaka.*

- Beskryf die ruimte kortliks.
- Dui aan hoe die ruimte bydra tot karakterisering
- Dui aan hoe die ruimte atmosfeer skep.
- Dui aan hoe die ruimte help bou aan spanning.

[25]

VRAAG 10

KONTEKSVRAAG: MANAKA, PLEK VAN DIE HORINGS Pieter Pieterse

Lees die onderstaande uittreksels noukeurig en beantwoord die vrae wat daaroor gestel is.

In die herfs van 1994 staan Baas Chipman by Manaka langs die Zambezi na sy boot en opkyk. Hy probeer beweeg aan die stellasie. Dit roer nie. Dit is ‘n stewige struktuur van dik mopaniepale wat hy en Mark met die laebakvragmotor aangery en diep ingeplant het. En die toue waarmee die dwarsbalke aan die stutpale vas is, sal hou.
Al waaroor Baas jammer is, is dat hulle van die worsboom se takke moes afsaag om die boot se stuurkajuit verby te kry. Die houtbankies onder die boom het ook in die slag gebly. “Eendag sal ons dit vervang,” sê hy vir die ses honde. Lady is nie by nie.

10.1 Wat beteken ‘Manaka’ en hoe kom die plek aan sy naam? (2)

10.2 Baas Chipman kyk hier na sy boot.

10.2.1 Wat is die boot se naam en waarna verander Baas dit? (2)

10.2.2 Aan wie het die boot eers behoort? Skryf die persoon se naam en van neer. (2)

10.2.3 Hoe gebeur dit dat Baas die boot koop? (1)

10.2.4 Wat is Baas se plan met die boot? Waarvoor wil hy dit gebruik? (1)

10.3 Na watter 'houtbankies onder die boom' word hier verwys? (1)

10.4 Baas sê: "Eendag sal ons dit vervang." Wie help hom om aan die einde van die verhaal hierdie uitspraak te bewaarheid? Sê ook hoe Baas gehelp word. (2)

10.5 Watter tipe hond is Lady en hoe kom Baas aan haar? (2)

EN

"People!" Meneer Johnnie steek sy kop onder die bakkie in. "Henna lo people henna sebenza fana ka lo sô! Dit is ménse wat so maak! Al wat hierdie khuta sien as hier 'n mens kom wat wit is, is alles wat hulle kan gryp. Henna bamba everything! Mister Chisupo is beter as hulle. Hy sê van die begin af hy wil nie die mense wat wit is hier hê nie want hy weet hulle vat sy krag weg. Mister Baas was lo rich man toe hy hier gekom het. Daar was baie kos in die huis. Everything. Hy kon ook vir my tabak koop as hy Ngweze toe gaan. Hoekom lê hy nou hier in die modder? Omdat hy sy LDV stukkend gery het agter die pale van die khuta aan! Henna bamba zonke! Wat sal ons oorhê as hulle alles gevat het wat ons het? Dis wat al die mense van Senanga sê."
Nanna roep na meneer Johnnie.
"Yessa!' skreeu hy in die rigting van die worsboom.
Hy klap vir Baas hande. Sy bene hoepel teen die bult af.
"Kwê..." toets die kwêvoël in die jakkalsbessie die atmosfeer.
"Ek sal baie graag vir jou 'n gebed wil doen, neef."
"Vir mý?"
"Daar kom 'n tyd in elke mens se lewe dat hy dit nodig het."
"Ag nee, wat, so erg is dit nie. Maar baie dankie vir die gedagte." Baas sien die skoene van hom af wegdraai.
"Muluti Malila huil oor jou," hoor hy Grace sê.
"Miskien huil hy oor homself."

10.6 Meneer Johnnie is ontsteld omdat hy voel dat Baas misbruik word. Watter twee situasies vestig hierdie oortuiging by hom? (2)

10.7 Hier word in die teks na die 'khuta' verwys. Wat is die khuta? (1)

10.8 Waarom is dit funksioneel dat meneer Johnnie in sy taal praat? (1)

10.9 Noem twee gebruike van die Lozi-stam wat ook duidelik in die aangehaalde gedeelte is. (2)

10.10 Wat beteken 'Muluti Malila' en waarom word ds. Johan Scholtz (oom Stoltzie) so genoem? (2)

10.11 Grace het 'n direkte verwantskap met die khuta. Stel dit skematies voor deur die vloeidiagram te voltooi. (4)

(Naam)_____ (Naam)_____
Hoofindoena van die khuta Ngambela
(Familieverwantskap)---------- (Familieverwantskap)----------
\ /
Grace **[25]**

VRAAG 11

OPSTELVRAAG: VATMAAR **A.H.M. Scholtz**

Ontleed die meerduidigheid van die *Vatmaar-tema* in 450 – 500 woorde deur te verwys na:

- die herkoms van die pleknaam "Vatmaar" en
- eienaarskap of besit
- die betekenis van die konsepte "vat" en "maar" soos dit in die roman vergestalt word. **[25]**

VRAAG 12

KONTEKSTUELE VRAAG: VATMAAR (A.H.M. SCHOLTZ)

Nadat die kis die kerk ingebring en op twee bankies neergesit is, het Oom Chai na Oupa Lewies toe geloop. Sonder 'n woord het hy George Lewis se Engelse Bybel gevat en sy eie Hollandse Bybel op die tafel neergesit. Hy het die Engelse Bybel oopgemaak en gelees: In my Father's house are many mansions, if it were not so I would have told you so.
Die kerk was stampvol want Vatmaar se mense was deel van Ouma Lewies. En dit was 'n Sondag.
Daar is nie gepreek nie en Nader my God by U is nie gesing nie.
Daar was net 'n lang oomblik van stilte.
Toe vat hierdie witman die hande van sy twee gekleurde kinders en gaan staan by die koppenent van die kis. Hy het in die swart gesig van sy geliefde Ruth gekyk en in 'n mooi, ryk stem gesing: Rock of Ages, cleft for me, Let me hide myself in Thee ... al vier verse.
Die kis is toegemaak en op Oom Flip se trollie getel en Ou Swaai het geweet sy moet nie haastig wees nie, die hele Vatmaar loop agter haar aan.
Langs die graf het Oom Chai met 'n gebroke stem Nader my God by U begin sing. Vatmaar het die woorde geken en dit gesing asof dit uit een hart kom en asof hulle met die Hemelse Vader van Vatmaar praat. Daarna is die kis laat sak. Oom Chai het 'n paar handevol sand in die graf gegooi en in Engels gesê: Dust to dust, ashes to ashes – uit respek vir sy vriend se taal.
Terwyl die graf toegegooi word, het Oom Chai na Oupa Lewies se gesig gekyk, sy hand gevat en hom weggelei. Hulle het mekaar omhels soos net tweelinge kan. Albei het begin huil. Die trane het op die skouers van die twee grysaards gedrup terwyl hulle so staan. Almal het stil geraak. Toe het die twee ou vriende hulle arms laat sak en sonder om na te dink het elkeen sy kakiesakdoek uitgehaal en die ander se gesig afgedroog. Die mense het dit alles doodstil staan en aankyk. Oom Flip het met 'n stadige skud van sy kop gesê: Die liefde ken nie grense nie.

12.1 Plaas die gebeure in die uittreksel binne die konteks van roman. (2)

12.2 Oom Chai en Oupa Lewies

12.2.1 Beskryf kortliks hul rolle tydens die Anglo-Boereoorlog. (3)

12.2.2 Hul rol in die totstandkoming van Vatmaar (3)

12.3 Oom Flip se trollie

12.3.1 Wat was Oom Flip se herkoms? (1)

12.3.2 Diskriminasie wat oom Flip vroeër ervaar het. (2)

12.4 "uit respek vir sy vriend se taal"
Verklaar Oom Flip se woorde: "Die liefde ken nie grense nie." (2)

12.5 Noem twee ander karakters op wie die uitspraak "Die liefde ken nie grense nie" toepaslik is en verduidelik waarom. (2)

12.6 Hoe het Vatmaar aan sy naam gekom? (2)

12.7 Wat word bedoel met die stelling "Vatmaar is 'n episodiese roman"? (2)

12.8 Wat word gesuggereer deur "Hulle het mekaar omhels soos net tweelinge kan."? (2)

12.9 Verduideik die simboliese/dieper betekenis van die gedeelte wat oom Chai uit die Bybel voorgelees het: "In my Father's house are many mansions"? (1)

12.10 Wat word gesuggereer deur die woorde "respek vir sy vriend se taal" in reël 20? (2)

12.11 12.11 Verduidelik kortliks die sosiaal-historiese konteks waarteen die gebeure in die roman afspeel. (2)
[25]

AFDELING C: DRAMA

VRAAG 13

OPSTELVRAAG: KRISMIS VAN MAP JACOBS **Adam Small**

Konflik is 'n sentrale element van alle dramas. In *Krismis van Map Jacobs* kom uiterlike konflik onder andere voor tussen

- Maud en Cavernelis
- Maud en die Kerrimspelers
- Maud en Blanchie.

Bespreek hierdie uiterlike konfllkte in 'n opstel van 400-450 woorde en dui die aantal woorde wat jy gebruik het aan. Toon ook die uitkomste van die konflikte aan.

[25]

VRAAG 14

KONTEKSVRAAG: KRISMIS VAN MAP JACOBS **Adam Small**

Blanchie, Maud en Cavernelis in hulle flat.

1. MAUD (*gooi haar hande op*): Well,so there you have it!
2. CAVERNELIS (*heeltemal uit die veld geslaan*): Maar...maar Maudie...Blanchie...
   Blanchie, met 'n stuk papier – 'n brief in haar hande. Sy huil.
3. BLANCHIE: 'Is nie wáár nie...
4. MAUD: Maar'it is wáár! You've read the letter, my dear...Now stop crying, sweetheart, crying won't help...
   Blanchie huil.
5. CAVERNELIS (*hulpeloos*): Maar...ek het nie gekan dink...
6. MAUD (*wreed*): Maar jy't nooit gekan enigiets nie, Cavernelis-darling! Of course het jy nie gekan dink...(*Sy lag,sinies*. *Cavernelis bek-af.*) Blanchie, that's life, my sweetheart...that's people, man...You trust them, you trust them, you do things for them, an' they fuckinwill just dump you, like that! (*Sy beduie.*) Trust me, I've been through it all...
7. CAVERNELIS: Die vuilgoed...
8. MAUD: ...when they've used you, that's it...Maar ek het vir jou gesê, sweetheart, those white dandies, die klomp fashion-moffies...hulle sil vir jou use tot lat hulle jou klaar ge-use het, en dan...dúmp hulle vir jou...Next pretty girl in the queue, please...
9. CAVERNELIS: Die vuilgoed...En hoekom net...nóú...
10. MAUD: In the queue, in the béd...I know the swine, sweetheart! All the sweet talk, all the promises, while hulle jou use vir hulle eie purposes...
11. BLANCHIE (*snikkend*): Daddy...Antie Maud...
12. CAVERNELIS: Maar hulle't gesê...gebelowe...jy gaan Paris toe...
13. MAUD: Shit, Cavernelis-darling, "gesê", "gebelowe"...That's no contract, my dear! An' even contracts are cheap! It all depends on whom you're dealing with! Ek het vannie begin af gewiet...
14. CAVERNELIS: Okay, Maudie...
15. MAUD: Okay wat!...So, jy't rêrig gedink Blanchie gaat Paris toe! En lat die geld sal kom?! (*Lag sinies.*) You must be joking, Cavernelis-darling!
16. CAVERNELIS: Maar...
17. MAUD: No, my dear,'it werk nie so nie...Comes the next pretty face, prettier than this one,an' there goes this one...Promises are cheap! That's how those gentlemen operate, Cavernelis-darling...Het jy nie gewiet nie? Or not even a prettier face, my dear...Just the next nice cookie in bed, en...well, dan's die opening die nuwe cookie s'n...like on a conveyor belt, man...Please, thank you, next one, please, thank you, next one, please, thank you, next one...Let me see the letter again...(*Neem die brief uit Blanchie se slap hande.*)
18. CAVERNELIS *is geskok en weet nie wat om te doen nie.*
19. MAUD (*hou die vel papier vas, lees*): Dear Miss Cavernelis...We have carefully considered the possibility of a contract...blah,blah,blah...But...The pure white scum! "Dear Miss Cavernelis"..."Miss"..."Miss"...Bastard! Took you to bed, took you to bed...Bastard, but now, now he's used you, it's "Miss"..."Miss"..."Miss Cavernelis"!!

God in heaven! And he's not "I", he's "We"! Dearest God, can you believe it? But that's the way, Blanchie. (*Besig om haar te buite te gaan.*) Het jy regtig gedink jy belong dáár?...(*Bekyk die briefie.*) God, the audacity still to write "Dear"! "Dear Miss Cavernelis..."!! (*Dan aan Blanchie.*) You and your friends across the colour line...You and the Sunday newspapers...You and your beauty competitions...You and your daddy...Yes, you and your daddy! All for the money, all for the money, the money...We've got to get the hell out of this township...Right?... Right?... Só sê jou daddy...vir jare al...As if we can! As if we cán! Fóóls! Bloody stupid fools! Jus' look at us now, kyk nou...hoe humiliate julle vir ons!!!

14.1 Maud het min simpatie met Blanchie. Skryf 'n sin neer om dit te bewys. (1)

14.2 Watter twee naïewe foute maak 'n mens, volgens Maud, oor ander mense? (2)

14.3 Waarom het Blanchie, volgens Maud, "die varke" vertrou? (2)

14.4 Waarvan was Cavernelis, volgens Maud, vas oortuig? (2)

14.5 Sou dit, volgens jou, 'n verskil gemaak het as Blanchie 'n skriftelike kontrak met die modelagentskap gehad het? Motiveer jou antwoord. (2)

14.6 Gee twee redes, volgens Maud, waarom Blanchie nie die kontrak gekry het nie. (2)

14.7 Noem twee dinge in die brief wat Maud ontstel. (2)

14.8 Wat bedoel Maud as sy verwys na "You and the Sunday newspapers"? (2)

14.9 Waarom het Blanchie en Cavernelis by vriendskappe oor die kleurgrens en skoonheidswedstryde betrokke geraak? (2)

14.10 Verdedig Cavernelis en Blanchie teen Maud se beskuldiging van "Yes, you and your daddy! All for the money, all for the money, the money...!" (2)

14.11 Hoekom is Maud regtig ontsteld oor die kontrak wat gekanselleer is? (2)

14.12 In die drama word funksioneel afgewyk van Standaard Afrikaans. Gee woordverklarings vir die volgende woorde:
14.12.1 dandies
14.12.2 cookie
14.12.3 audacity
14.12.4 township (4)

VRAAG 15

OPSTELVRAAG: MIS **Reza de Wet**

Beskryf en evalueer die uitbeelding van die twee manlike karakters in die drama in ‘n opstel van 450 – 500 woorde deur na die volgende te verwys:

- Die konstabel:

- sy manipulerende geaardheid
- sy uitbeelding as toweragtige (magiese) karakter
- sy tweeledigheid en die transformasie wat hy ondergaan

- Pa:
- Sy naam
- Miem se houding teenoor hom
- Sy optrede teenoor die vroue

[25]

VRAAG 16

KONTEKSVRAAG: MIS **Reza de Wet**

Lees onderstaande uittreksel noukeurig en beantwoord die vrae wat daarna volg.

1. MIEM (*kwaai*): Gertie, kom weg daar by die venster en trek die gordyne toe. ‘n Mens weet nooit wie vir ons kan staan en loer nie.
2. MEISIE: Dink Ma so? Dink Ma daar’s iemand daar buite?
3. MIEM: Kan wees. ‘n Mens weet nooit. (*Gerusstellend*) Maar moet jou tog net nie ontstel nie. Dan slaap jy weer sleg. Ek is seker jy hoef nie bang te wees nie. Wagter sal ons darem waarsku. En dan is daar natuurlik die konstabel.
Die konstabel se stok val. Gertie tel dit vinnig op en gee dit vir hom.
4. GERTIE: Daar’s hy, Konstabel!
5. KONSTABEL: Baie dankie, Juffrou.
6. GERTIE: Dit is ‘n plesier, Konstabel. (*Giggel*. *Sien vir Meisie wat ‘n sak op die stapel sit*) Die arme kind wat so laat moet werk …Sy is seker doodmoeg … Ek dink sy behoort te gaan slaap. Is jy moeg, Meisie?
7. MEISIE: Ja, ek is.

8. GERTIE: En jou ma is ook glad nie gesond nie. Sy het ook haar rus nodig. Miem, hoekom gaan slaap julle twee nie? Ek sal die konstabel vir 'n rukkie geselskap hou.
9. MIEM (*onwillig*): Nou ja, dit is seker laat. En môre moet ek douvoordag op wees om 'n ogie te hou (*wys na die sakke*) oor die misbesending Sien ons u môreoggend, Konstabel?
10. KONSTABEL: Ek is jammer, maar na twaalf is ek weer vort.
11. MIEM: Ja, dan is die gevaar seker verby. U moet tog hier kom inloer as u in die distrik is.
12. KONSTABEL: Ek sal, Mevrou. Dankie vir u gasvryheid.
13. MIEM: En dankie vir u hulp, Konstabel. Sonder u sou ons nie 'n oog kon toemaak nie.
14. KONSTABEL: Dit is my werk Mevrou.
15. MIEM: Sê nag vir die konstabel, Meisie.
16. MEISIE (*skaam*): Nag.
17. KONSTABEL: Goeienag.
18. MIEM: Nou dan gaan ons maar, Konstabel. Ek hoop ons sien u gou weer.
19. KONSTABEL: Goeienag, Mevrou.

    Miem en Meisie beweeg by die gangdeur uit.
20. MIEM: Nag, my kind. Slaap lekker.
21. MEISIE: Nag, Ma.

    Geluid van deure wat toegemaak word. 'n Stilte tussen Gertie en die konstabel.
22. GERTIE (*maak keelskoon. Stilte*): Die kerkklokke het darem nog nie gelui nie. Dit beteken dat daar niks gebeur het nie. Ek is seker almal sal môre baie verlig wees as die onheil afgewend is. En dit sou alles te wyte wees aan al die gewillige en dapper geregsdienaars. (*Giggellaggies*) Soos u. (*Kort stilte*) Wat van 'n koppie koffie, Konstabel?

16.1 Waarna het Gertie staan en kyk? (1)

16.2 Verduidelik die kontras tussen dit waarna Gertie kyk en die ruimte waar die hoofgebeure afspeel. (4)

16.3 Watter karaktertrekke van Miem kom uit bostaande uittreksel na vore? (2)

16.4 Herlees spreekbeurt 2. Verduidelik die dramatiese ironie in Meisie se woorde “Dink Ma daar’s iemand daarbuite?” (1)

16.5 Verduidelik Miem se rol as besweerder soos uit spreekbeurte 1 en 3 blyk. (4)

16.6 Herlees Spreekbeurt 9 en die neweteks.

16.6.1 Waarom is Miem onwillig om te gaan slaap? (1)

16.6.2 Waarna verwys “die misbesending”? (2)

16.6.3 In hierdie spreekbeurt kom die titel van die drama ter sprake. Noem drie moontlike betekenisse van die titel. (3)

16.7 Herlees spreekbeurt 23: “Ek hoop ons sien u gou weer.” Is hierdie wens van Miem later vervul? Verduidelik. (2)

16.8 Evalueer in ‘n kort paragraaf die bevryding wat Gertie ervaar tydens die gesprek wat onmiddellik na die gebeure in hierdie uittreksel volg. (3)

16.9 Wat is Gertie se houding teenoor die konstabel soos dit uit die uittreksel blyk? Motiveer jou antwoord deur na die uittreksel te verwys. (2)
[25]

TOTAAL: 80

Kopiereg voorbehou